Baanbreker Kleuterskool

Registrasienommer : 1999/020256/07

Kleuterskool	**:**	**072 155-4602**	**Posbus 191**
Naskoolsentrum	**:**	**084 668-4748**	**Boksburg**
Kantoor	**:**	**896-5122 / 8965126**	**1460**
Faks	**:**	**896-5122**	
E-pos	**:**	**baanbreker@mweb.co.za**	

19 Julie 2011 Omsendbrief no.14/2011

Geagte Ouer

Ons hoop u het almal 'n aangename vakansie gehad en dat u die ruskans geniet het. Ons sien daarna uit om met u hulp en getroue ondersteuning, van dié kwartaal 'n sukses te maak. Neem asseblief kennis van die volgende belangrike sake:

☆ **<u>Registrasie en herregistrasie vir 2012</u> :**

Al die Graad 00 en Graad 000 kleuters wat vir *2012* moet herregistreer, het saam met dié omsendbrief hul inskrywingsvorms en 'n inligtingstuk vir *2012* ontvang. Ons wil u vriendelik vra om die inskrywingsvorm te voltooi en so spoedig moontlik aan ons terug te besorg. So is u verseker dat u kleuter wel 'n plek het vir volgende jaar en dit vergemaklik ook ons administrasie. Ons werk op 'n "*first come first serve*" basis. Die *herregistrasiegeld* van <u>*R650-00*</u> moet teen einde <u>*Oktober*</u> betaal wees.

Die Herregistrasiefooi sluit die volgende in:

* 'n Herregistrasiefooi
* 'n Stel van 5 gekleurde T-hempies met die dae van die week op.
* 'n Denim kortbroek (seuns) of denim broek-romp (dogters).
* 'n Skryfbehoefte-pakket en Bak-en-brou-benodigdhede vir die jaar.
* 'n Stel foto's van u kleuter (deur 'n professionele fotograaf geneem).
* 'n Hardebandskrif (vir kommunikasie met die ouers)
* 'n Groot plakboek vir u kleuter se prente.
* 'n Plastiek-naamplaatjie vir u kleuter se tas.

Die *Kleuterskool* se *Ope-aand* is *Donderdag 8 September* 16:00 -19:00.

Die *Graad 1 Ope-aand* is *Donderdag 15 September*.

☆ **<u>Kalenders</u> :**

Ons wil aan u die geleentheid bied om 'n pragtige A3- kalender van u kleuter te laat neem. Die fotograaf sal op 6 verskillende dae kom en 12 verskillende foto's van u kleuter neem (bv. formeel, swart en wit, in die klas, in die speelparkie, 'n Kersfeestema ens.). Die datums vir dié foto's verskyn op die kwartaalprogram. Boeties en sussies kan ook saam op een kalender wees, hulle sal dan afwisselend by die verskillende maande verskyn.

U is onder geen verpligting om ‘n kalender te bestel nie. Daar is ’n deposito van ***R50-00*** betaalbaar, saam met die bestelling. Die kalenders moet teen ***Maandag 26 September*** ten volle betaal wees. foto’s word op teen ***Donderdag 21 Julie*** voor dan u bestelling by die klasonderwyseres plaas.

’n Voorbeeld van die kalender is by *juf Karin* beskikbaar.

☆ **<u>Individuele foto's en klasfoto's</u> :**

Op ***Donderdag 11 Augustus***, gedurende skooltyd, sal die kleuters se foto's vir die *Diplomaplegtigheid,* asook die *groepfoto's* geneem word. Dié klasfoto's kan bestel word teen ***R25-00*** per foto.

Voltooi asseblief die bygaande skeurstrokie. Die ***R25-00*** vir die foto's moet asseblief teen ***Vrydag 5 Augustus*** betaal wees, anders word dit nie bestel nie.

Al die kleuters moet asseblief hul <u>geruite Kleuterskool T-hempie</u> en 'n denim langbroek aantrek. Indien hul nie 'n denim langbroek het nie, kan hul enige ander geskikte langbroek aantrek. Moet asseblief nie spesiaal vir u kleuter 'n denimbroek gaan koop nie.

Ons vra vriendelik dat al die kleuters teenwoordig sal wees met die fotodag, aangesien die fotograaf nie weer beskikbaar is nie. Ons begin die klasfoto's om <u>8:00</u> neem. Indien u kleuter siek is, kan hulle net gou kom vir die foto's en dan weer huis toe gaan. Ons sal u samewerking in die verband baie waardeer.

☆ **<u>Kleuterskoolkonsert</u> :**

Die jaarlikse konsert waaraan al die kleuters deelneem, vind op ***Woensdag 26*** en ***Donderdag 27 Oktober*** om *18:30* plaas.

Die koste verbonde aan dié konsert is ***R300-00*** per kleuter en ***R500-00*** vir 2 kleuters, en sluit die volgende in:

* 'n A5 foto van die kleuter met sy diploma en die graad 0-kleuters met hul togas.
* 'n Klein verrassing.
* DVD van die konsert. (1 per gesin)
* U kleuter se plakboek met van hul werk vir die jaar.
* Die kostuums wat gebruik word vir die konsert
* Dekor, versierings ens.

Die ***R300-00*** / ***R500-00*** vir die konsert moet asseblief voor ***Woensdag 28 September 2010*** betaal wees. U kan dié geld eenmalig, of *R100* vir *3* maande (Julie, Augustus en September) betaal.

☆ **<u>Snesies</u> :**

U word vriendelik gevra om asseblief 'n doos snesies en 'n houer vloeibare handewasseep / wet wipes vir u kleuter aan die klasonderwyseres te stuur. Ons sal dit baie waardeer indien u dit teen ***Vrydag 22 Julie***, aan ons kan stuur.

☆ **<u>Kwartaalprogram</u> :**

Die derde kwartaal is vol bedrywighede, en u het saam met u kleuter se *Vorderingsverslag* 'n *Kwartaalprogram* ontvang waarop al die belangrike gebeure en datums aangedui is. Indien daar enige wysigings is, sal u vroegtydig per brief, daaroor in kennis gestel word.

Indien u enige verdere vrae het, of meer inligting oor enige van die bogenoemde sake verlang, is u welkom om die Kleuterskool te skakel.

Vriendelike groete.

_____

T W HOFFMANN

HOOF

BESTELLING VIR 'N KLASFOTO

Ek, die ouer/voog van _____ in Graad _____

★ Wil graag 'n klasfoto @ ***R25*** vir my kleuter bestel. ☐ Aantal _____

★ Hierby ingesluit is die bedrag van *R*_____

★ Ek stel nie belang nie**.** ☐

_____ _____

HANDTEKENING DATUM